

A van Roon

BIJ DIE MONUMENT . .

VERSE VAN TOTIUS.

Met 'n voorrede van President STEYN.

(UITGEGEE TEN VÓORDELE VAN DIE
NASIONALE VROUE MONUMENT.)

VOORWOORD.

Wanneer ik die gediggies aan die welwillende leser aanbeveel, dan wil ik nie daardeur te kenne gee, dat ik 'n oordeelkundige is nie; maar toen ik dit gelees het, werd diep in mijn hart 'n tere snaar aangeroerd.

Ik weet menige hart sal deur die gediggies getroffe word. Die digter leg hulle als 'n lauerkrans op die grawe van onse dierbare dode. Hij wil geen geld daaruit maak. Die opbrengs sal hij gee voor die Nasionale Monument. Dit was rede genoeg ver mij om die gediggies aan te beveel.

Daar is daarom nog 'n ander rede. Nou dat Jong Suid Afrika sigself bewus word en drome droom van 'n ei'e litteratuur, verwelkom ik die soort van penne-vrugte van ganser harte.

Sommige van die werke gee die belofte dat onse droom verwesenlik sal worde.

Ver mij is die eersteling van onse litteratuur so heerlik als die geluid van die eerste reendruppels na 'n langdurige droogte.

M. T. Steyn

ONZE RUST, KAALSPRUIT,
30 September 1908.

DIE KIND.

DAAR KOM HUL.

En sla de moeder met de zonen.

Gen. 32:11.

Kindertjies: Daar kom hul, daar kom hul
o'er heuwel en hang!
o Moeder, beskerm ons,
nou word ons gevang!

Moeder: Mijn kinders, jul moeder
verwag hul reeds lang;
en bad ver jul almal
met heilige drang.

Kindertjies: Maar, moeder, daar kom hul
met skuim aan die stang.
Og, was nou maar vader
nie lang al gevang!

Moeder: Mijn kinders, kom binne
en wees nie meer bang:
die Vader daarbowe
bestuur hulle gang.

Kindertjies: Hier is hul! Hoor buite
die woeste gedrang!

Moeder: Wees stil maar! nooit sal hul
klein kindertjies vang.



DIE LIED VAN DIE OSSEWA.

Er is het geklap der zweep,
en het geluid van het bulde-
ren der raderen. Nah. 3:2.

Hoor hoe sing ik mijn lied op die osse se pas
met mijn klanke dan skel, dan weer diep in die bas.
Op die straat, so gelijk, word mijn klank nog gesmoord,
maar daar vér op die grootpad, dáár word ik gehoord;
en ik sing, met geweldige klem mijn geluid
o'er die wijde, die luistrende grasvlaktes uit.

Op mijn lied was die bruijom so wonderlik trots
als mijn wiele so rammel o'er kliprug en rots.
In sijn hande geklem, net 'n vlagpaal gelijk,
rijs die sweepstok omhoog om na vore te kijk;
of bij nakend gevaar, op mijn welvaart bedag,
dan weer skielik te daal met 'n knallende slag,
waar die osse van beef en mijn wiele van raas,
wyl die bruijom meteen op die tou-ketting blaas.
Onse drieklank, verenigd in innige band,
was die skoonste gesang van die trekker sijn land.
Ja ik trok met hom same die land in gesig,
waar ik, troue gesel, hom sijn taak sou verlig.

Vóór 'n wiel het gerol in die wereld nog wild,
het mijn klank die gebrul van die leeu gestild.
Vóór 'n pad was gebaad in die woeste verskiet,
song ik reeds als verwinnaar mijn vorslike lied;
en ik het met die trekker mij singend verblij,
of in lijde dof klagend sijn psalm begelij;
en sijn vrou met haar kind, in mijn tentjie ter rus,
bij die naglike tog, ik in slaap het gesus.
En als hul na die moord van Dingaan het getreur,
het mijn troostende stem weer hul siel gebeur.

En nou weer val mijn lot in 'n dag so vol kwaad,
want die trekker sijn seun het sijn plaas moet verlaat.
En ik, arme, nog lewend, het agtergeblij
om nou weer met sijn vrou en sijn kinders te lij.
Maar mijn stem is al hees, mijn geluid al so dof,
na die jare van worstling met sonbrand en stof.
Nou ik rol na die kamp word mijn stem doodgesmoord
deur 'n aaklig geklaag uit mijn tentjie gehoord!

Nee, mijn stem nie alleen maar van honderde nog
soos ons saam word verknog tot die treurende tog;
en ons trek soos 'n lange begrafenisstoet,
'n begraafplaats traag-slepend sal trek in gemoet.



IN DIE KAMP.

Als zich hunne ziel uitschudt
in den schoot hunner moe-
ders. Klaagl. 2:12.

- Kind:* Mijn moeder, mijn moeder, ik het tog so honger;
ag, gee mij tog gou-gou 'n klein stukkie brood!
- Moeder:* Mijn kindjie jou moeder die weet jij het honger,
dog kom maar en klim eers op moeder haar skoot.
- Kind:* Mijn moeder, ag, help mij, ik kan nie meer loop nie,
ik voel tog so moede: mijn honger is groot.
- Moeder:* Mijn kindjie, jou moeder die weet dat jij moeg is,
maar slaap bring versterking op moeder
[haar skoot.
- Kind:* Maar, moeder, hoe ween jij en snik jij so baing?
En waarom is moeder haar oge so rood?
- Moeder:* Mijn kind, dit is trane wat jij nie verstaan nie;
kom, slaap maar gerus op jou moeder haar skoot.
- Kind:* Mijn moeder, ik kan nie, ik het tog so honger,
geef eers aan jou kindjie 'n klein stukkie brood.
- Moeder:* Ag, liefste, rus eers in jou moeder haar arme,
en als jij ontwaak help die Heer uit die nood.
- Kind:* Ik kan nie meer wag nie van honger, mijn moeder;
maar waarom tog so? Het die Heer ons verstoot?
- Moeder:* Nee, liefste, verstoot sal die Vader ons nimmer,
maar hier in die tent is geen krummeltjie brood.


Kind: Geen brood nie, mijn moeder! ik kan nie meer
[langer.

Ag, moet ik verhonger op moeder haar skoot?

Moeder: Nee, kindlief, die son is al amper weer onder,
en is dit weer awend, dan krij ons weer brood.

* * *

Haar kindjie slaap in bij die soete gedagte:
als ik weer ontwaak help die Heer uit die nood.
Die moeder ontvang met vermagerde hande
haar deeltjie oplaas—maar die kindjie was dood.



VIERMAAL GESIEN.

Het teedere gras is vergaan.
Jes. 15: 6.

I.

Lief dorenboompie so op sij,
met grassies aan jou voetjies—
wie gaan nou elkers hier voorbij,
so soetjies, soetjies, soetjies?

„Dit is die manne met die baar,
daarop die kleine bloedjies,
daaragter kom die moederskaar,
so soetjies, soetjies, soetjies;
en snikkend glij
die swarte rij
al o'er mijn groene voetjies.”

II.

En nou lief boompie seg ver mij,
die grassies aan jou voetjies,
waarom het hulle so gelij:
die mense loop so soetjies? ...

„Let op mijn vele takkies net
van bô tot op mijn voetjies;
soveel ik van die takkies het,
so dikwels trek die stoetjies;
en daarom lij
die grassies bij,
die grassies rond mijn voetjies.”

III.


Ik sie nou boompie so op sij,
'n looppad aan jou voetjies;
waar het die grassies dan geblij—
hul loop so soetjies, soetjies? . . .

„Let op mijn vele doornkies net
van bô tot op mijn voetjies:
soveel ik van die doornkies het
trek nou die baing stoetjies,
dan heen dan weer,
en dit verteer
die grassies aan mijn voetjies.”

IV.

En nou gaan boompie so op sij,
'n grootpad langs jou voetjies;
waar tog het al die gras geblij—
dit gaan so soetjies, soetjies? . . .

„Let op mijn vele blare net,
van bô tot op mijn voetjies:
soveel die blare blaarkies het,
trek nou die baing stoetjies;
en daarom leg
'n grote weg
al o'er mijn kale voetjies.”



KINDERGRAFFIES.

Men zal zijn bloeisel afwerpen.
Job 15 : 33.

Mijn vaderland 'n boomgaard was
met sterke vrugtebome,
waarin met bloesems, vele en fris,
die voorjaar is gekome.

Die kindertjies die bloesems is,
die bloesems, fris en vele,
waarin met vrugbare asem kwam
die lenteluggies spele.

En nes die bloesems het hul ook
met ogies wonderreine,
hier in die wereld rondgekijk,—
die vele, liewe kleine.

Maar sie, hul het te gou, te gou
die koppies uitgestoke—
'n onverwagte rijpnag het
die ogies weer geloke.

Geloke ver altijd, altijd:
die éne na die ander
val tusse swarte sooie neer
en leg daar naas elkander.—

Mijn vaderland die boomgaard is,
die bloesems is die kleine,
wat in die lijdensnag te saam
die ogies sloot die reine.

Nou leg hul almal, almal daar,
die bloesems tusse sooie,
en rus die stille, stille rus
van liewe kleine dooie.

Die bome staan nog vele daar,
dog alle sonder vruggies,
en wag met stille, stille hoop
op nuwe lente-luggies.



DIE VROU.

DIE HOWENIER WAS WEGGEGAAN.

Mijn oog doet mijne ziele
moeite aan wegens al de
dochteren mijner stad.

Klaagl. 3:51.

'n Knapie sag 'n rosie staan,
'n rosie in die gaarde.
„Nou,” dag hij, „kom mijn planne reg:
die howenier is eindlik weg;
nou sal ik haar
gaan plukke daar,
die blommetjie van waarde”.


Die knapie naakte langsaam aan
die rosie in die gaarde.
„Og, laat mij staan! Og, laat mij staan!
Die howenier is weggegaan!
Het medelij!”—
so smeekte sij,
die blommetjie van waarde.

Maar nee, hij wou haar nie laat staan—
die rosie van die gaarde.
Die ruwe knapie brak haar steel,
en wierp sijn modder op haar geel.
„Blijf nou maar leg,
ik gaan weer weg”!
so sprak hij, die ontaarde.

Die howenier besog toen weer
sijn rosie en sijn gaarde.
Daar lag sij op die slingerpad;
en snikkend sei die blommeskate:
„og, was u hier,
o howenier,
dan had ik nog mijn waarde”!

Die blommetaal sijn hart deursneed;
hij lange stond en staarde.
„Mijn rosekind, ik moes van hier,
ik moes,” so sprak die howenier,
en nam haar op,
sijn roseknop,
sijn blommetjie van waarde.

Met tedere oogstraal sag hij hoe
die knaap sijn blom nie spaarde.
Maar ag, geen tuinmanskuns kon heel
haar eenmaal afgebroke steel;
geen tranepas
haar modder was
en geef haar weer haar waarde!



MAG EN REG.

Als een zwerfende vogel uit
het nest gedreven zijnde.

Jes. 16:2.

Had 'n jonge tortel met
bek en pootjies
harde strootjies
tot 'n nessie saamgepak
in 'n hoge wilgertak.

Sou die moedertjie in hoop—
al tevrede
bij die tweede
eiertjie—haar broei begin
in die hoge miktak in.

Kwam 'n boertjie met sijn bijl.
Kijk hoe stap hij!
Kijk hoe kap hij,
met sijn arrems, sterk en rond,
heel die wilger teen die grond!

Kwam die tortel van haar tog.
Was haar krop nie
volgestop nie
vóór die broeitijd sou begin
in die hoge miktak in.

Ag, haar droefheid ! Ag, haar smart !
Nou net kale
sonnestrale,
waar sij donkre hoekies vond
en haar strootjies samebond.

„Waarom, boertjie, so gedaan ?
Sie, in éne
is verdwene
al mijn skat ; mijn hoop vergaan !
Boertjie, waarom so gedaan ?”

„Kijk, wie bou só in die lug ?
Wie hoog timmer
sij eers slimmer
om 'n fondament te leg
in die aarde, diep en heg.”

„Ag, hoe kan ons beter bou ?
Diepe wortels
soek die tortels
om hul nes, maar lig van bou,
teen die storms aan te vertrou.”

„Swiig maar liewer domme duif !
Wie wil lewe
so verhewe—
trots sijn tortelwijsheid-sal
eindlik tog omlage val”.

„Kan ik anders? Boertjie, Die
mij formeerde
ook mij leerde
in die lugruim veilig gaan
en mijn tentjie daar opslaan”.

„Is 'n duifie ook al vroom?
Vraag *mij* liewers
voor jij iewers
weer gaan timmer in 'n boom
van mij. Duifie wees nie vroom!”

„Sie, hier bij ons in die lug
is geen mijne
en geen dijne;
maar die tak was mij geleend
tot mijn kleintjies was gespeend”.

* * *

En die skepping stond weer wijd.
En sij sog weer
en sij wrog weer
ver 'n ander huisgesin
in 'n ander boomtak in.



HAAR LAASTE WOORD.

Dat gij niet vergeet de dingen
die uwe oogen gezien heb-
ben. Deut. 4 : 9.

Ik sterf, mijn liefste kind, mijn éinigste nog o'er!
Ik sterf, kom nader dan, vang op mijn woorde. Hoor!
En mog dit wees dat ooit jou strik word losgebroke,
vertel jou vader dan, wat moeder het gesproke
met kranke stem en hart.

Vertel jou vader dat
die vijand ook ons huis oplaas gevonde had,
na heen en weer getrek, en nog nie moe van brande,
maar woedend nog te meer, die plaas en vee verbande;
hoe tafel, stoel en al daar werd opeengepak,
opdat die wrede vlam sou opklim in die dak;
hoe skaap en bok met lans en bajonet deurstoke,
en pluimvee allerhand die bene werd gebroke
met heen geworpe stok; en allermees nog hoe
jul anskreet snijdend klonk: „*Nou moet ons kampe toe!*”

Vertel jou vader hoe, ik arme, heengedrewe,
met julle rondom mij, mij kampwaarts moes begewe,
klein sussie op mijn arm, die van ontsteltenis
en bittere kou besweek; langs pad haar graffie is;
daar slaap sij rustig in mijn voorskoot toegewonde.
Vertel hoe ons die kamp verhongerd het gevonde,
en wenend alle dag, in stilheid onse wee
geduldig het gedraag met al die andre mee.

Ver vader wijs die plek, waar nooit geen gras sal groeie,
omdat ik dit so mild met trane moes besproeie.
Herinner hom die kou, die nattigheid waarin,
die honger ook waardeur, verwoes werd sijn gesin.
Onthou ook hoe ons twee, al treurend en allene,
vijf broers en sustertjies gebrag het grafwaarts hene;
en mog die Vaderhand jou swakke siele skraag,
wanneer jou moeder ook die tent word uitgedraag.

Nou liefste kind nog dit, en rustig leg ik neder
mijn matte hoof: wanneer jij op die plaas kom weder,
dan sij jou eerste werk om in die puin te soek —
jij weet nog seker waar—die knippe van die Boek,
helaas! nie mee gekom en tog ook hier die bronne
van al mijn troos en lig, die ligstraal van die Sonne
daarbo. Soek dan die pand en teken, in die as,
van al die swaar én troos, wat hier ons lotsdeel was.

Voorts, kind, ik het ver jou en vader nog gesorge:
daar bij die pereboom leg al sijn geld verborge,
wat met gevaar en angs begrawe werd deur mij.
Dit is die laaste diens, waarmee ik van hom skei.

*O Allerliefste kind en mog die lijdensstif
so heet nog, in jou siel graweer die lijdensskrif.*



DIE MAN.

ROOK.

En ziet er ging een rook van
het land op, gelijk de rook
eens ovens. Gen. 19: 28.

Hij ging vroeg heen om in 'n wereld welbekend
aan hom van jare her, daar bij zijn plaas omtrent,
te spioneer; en sie! hoe trek dit op als spoke
en staar hom dreigend aan uit groue lug—die roke,
wat kringlend bo die vlam sig overal verhef;
want ja, verdelgingsvuur het ook zijn plaas getref
en alle daaromheen. Verbijsterd blijf hij stare
hoe steeds in wijer kring, die sombre rookpilare
sig monster bowe hom. Benede staan in brand
al wat aan huis en werf gestig werd deur zijn hand.
En in die gele graan, waar vrouehand die vore
getrek het, sien hij nou als maaiers van die kore
die vlamme rijs en buk, tot alles het verswind
in rook. Ontsettend is die lot van vrou en kind,
wat op die kale veld, van alle kant vergader
om saam te bid en ween. Maar, ag, die oude vader
en moeder, hoog bedaagd—wat het hul lot geval
in bose dage. Sie! daar brand hul woning al!
Ontroerd sag hij weer op. Daarbowe hom, daaromme,
nog swart- en dreigender, vertoon die rookkolomme;
tot uit die verre veld, 'n kogel onverwag,
op hom kwam aangegons en hij geen rook meer sag.



DIE BALLING.

Bij de zee is bekommernis,
men kan er niet rusten.

Jer. 49: 23.

Wanneer die skeemring, droef en vaal,
o'er St. Helena nederdaal,

en golf bij golf, nou uitgewoed,
sig moede neerstort aan sijn voet—

dan staan hij op die strand, die man
so swaar beproefd, so vër verban.

En lewe gaan die droewe klag
hom eers in dooie skrif gebrag:

in seegedruis en awendwind
hoor hij die klaaglied van sijn kind:

„Ag, liewe vader, o'er die see,
die dood nam sussie met hom mee;

„hier is haar laaste woorde nog :
o breng mij na mijn vader tog!”

En aan sijn voet slaan slag op slag
die golf als weerklank op die klag.

„En verder, vader, hoor mijn nood :
Mijn lief klein broertjie is ook dood.

„Daarbij ik u ook melde moet,
hij het verlaas u nog laat groet.”

Die golfslag in die rotskuil stuit
met doffe toon en klaaggeluid.

„En vader, dit skrijf ik nog neer :
mijn liewe moeder is nie meer.”

„Solang sij nog in lewe was,
het trou haar hand ons opgepas.”

Die golwe staan op rij aan rij
en klaag nou saam uit medelij.

„Og, kon ik op die windjie tree,
ik liep, o vader, o'er die see!

„Og, kon ik net die vloed o'erspan,
ik ging na u, so wreed verban”!

En aan sijn voet die afgrond grom :
geen voet wat o'er mijn diepte kom !

„Ik kan nie, vader ! Sug met mij
dat mij die dood ook mog bevrij.”

Dit is als lispel nou die wind :
sij's ook gestorwe, daardie kind.

'n Droef gedreun rijs uit die see,
en droewer klink sijn laaste bee :

„Ag, maak 'n end, maak gou 'n end
aan al mijn weedom en ellend.”

Die skeemring daalde telkens neer ;
maar hij stond op die strand nooit weer



HULLE KOM NIE WEER.

Hij kwam die awend op sijn plaas,
sijn kragte ingeboet;
en val daar bij die kraalmuur neer
als met sijn laaste voet.
So is dan eindelijk gekom
die langverwagte stond,
waarin hij strijdens- swerwensmoe,
sijn erve wedervond.
En swijgend dwaal sijn matte blik,
naar alle kant gewend,
al o'er die oue werf en plaas—
'n omtrek so bekend,
maar nou hom bijna vreemd geword,
so woës, so leeg.—Maar nee,
dit doen sijn hart nie langer seer:
daar skrijn 'n ander wee.
„Mijn erfplaas, sug hij, is daar nog,
en ik teruggekeer;
alleen ontbreek mijn vrou en kind,
maar hulle kom nie weer.

Die slaap o'erval hom tot in lig
die oosterkimme swem;
en flinke vinkeslag hom wek
met egte vinkeklem.
Die eerste morgeglansse straal
met nuwe krag en kleur
op alles daaromtrent, en hom
sijn matte siel opbeur
uit awenddroefenis, sodat
hij dankend nederkniel
voor Hem, Die nuwe lewenslus
doen oprijs in sijn siel.—
Maar nee, daarbinne blijf nou nog
'n skerpe prikkel brand,
en word deur morgesonneskijn
net dieper ingeplant.
„Die vogels, sug hij, is daar nog,
die morge wederkeer;
alleen blij weg mijn vrou en kind,
maar hulle kom nie weer.”

Van nuws af aan sijn werk begin:
die huis is afgebrand;
die wind die puin het weggewaai.
Die muurwerk, uitgetand
verhef sig skril omhoog als klaag
hul bij die hemel aan
die lijdenssmart, wat onverdiend
o'er alles het gegaan.—
Die gras en distels binnekant
die huis was spoedig weg;
hij leg sijn plat en voor die nag
had hij 'n plekkie reg.—
Maar hoe daarbinne reggemaak?
Daar skrijn die oue wee!
„Die muurtjies, sug hij, nog hier stond,
die keteltjie kwam mee;
die plat is op; die rokie in
die skoorsteen wederkeer;
alleen blij weg mijn vrou en kind,
maar hulle kom nie weer.”

Sijn vrugteboord net stompe was,
so woedde daar die vlam
des vijands; maar verniet; daarin
weer nuwe lote kwam.

Die klitse dek sijn land; die rijp,
die wind droog uit hul sap;
dit raas daar als uit bitsigheid
die een die ander krap,
of aan mekaar vlieg en—so sterf.

Sijn boerehand weet raad,
maaklandenboord weer netjieskoon
en strooi die mieliesaad.—

Dit lijk nou na die oue plaas.

Maar nee, nou brand nog meer,
als hij geniet sijn handewerk
en vlijt, die oue seer.

„Die lande, sug hij, is nog daar,
die bloesems wederkeer;
alleen blij weg mijn vrou en kind,
maar hulle kom nie weer.”

Sijn krale was so doods en leeg;
daarbinne groei die kweek,
maar van sijn veetjies het ou Klaas
klein klompies weggesteek,
tot hij weer in sijn wegkruipplek
het van sijn baas gehoor.
Nou kom hij ook, nog vlug van voet,
die laaste randjie o'er.
Die wedersijdse vreugd was groot.
Die strijder roem die trou
van Klaas, wat uit die „leeuwemuil”
sijn veetjies het gehou.—
Hij bou die kraalmuur stewig op,
sijn oue jong help mee.—
Maar nee, nou skrijn daar binnekant
eers reg die oue wee :
„Mijn herder, sug hij, lewe nog,
mijn veetjies wederkeer ;
alleen blij weg mijn vrou en kind,
„*maar hulle kom nooit weer.*”



DIE BESEMBOS.

Hoe meer zij het verdrukten,
hoe meer het wies.

Exod. 1 : 12.

Ik is gebore bij die middaggloure
van 'n blakende, blinkende son.
Stiefmoederlik skraal was die eerste onthaal,
waarmee ik mijn lewe begon ;
want verkwikkende regen, mijn jongheid genege,
het selde mijn kroontjie bespat,
en weinige luggies met naglike suggies
beswangerd met peerlende dauw.
In die nag het die rĳp mijn blaartjies geknijp,
dat ik bijna gesterf het van kou.
Mijn dorheid bewasem bedags nie 'n asem
met donsige missies belaaï ;—
vijandig-gesinde westlike winde
het verskroeiend mijn koppie bewaaï.

Van mijn eerste verskijne bedreigd met verdwijne,
het ik vreeslik gestrij om te leef:
vijandige magte met meerdere kragte
mijn bestaan het gedurig omsweef.
Was die gras om mij op, mijn nog groenende top
die osse se tong het gepluk;
en die menslike hand het mijn stamme verbrand,
so wreed van mijn wortels geruk.
Of sloeg soms die vlamme van die gras in mijn stamme
en na bo in mijn bladertjies fijn,
dan stond ik te bewe tot mijn groenende lewe
in die ashoop geheel is verdwijn.
Hoonlaggend trok dan die vlamme span
en mijn plaasje op aarde staan leeg;
spottend nog kwame die winde tesame
om mijn as uit die wereld te veeg.

Maar al kom deur mijn blare die vlamme gevare,
verterend mijn tak en mijn steel ;
al kome die winde, die kwalik gesinde,
om saam met mijn asse te speel ;
al kom al die diere, hul eetus te viere,
en die mense mijn stamme uitkap ;
al bak mij van bowe die son als 'n owe,
en die droogte verslind al mijn sap—
Nogtans sier ik mijn hoogte in die vreeslikste droogte,
en die winde verdor nie mijn top ;
mijn wortels verdure selfs die vlamme en vure,
en ik staan uit mijn asse weer op.
Laat die mense, die diere, die droogte, die viere,
met al wat hul kwaad het versin,
maar skroeie maar kappe, maar brande maar trappe,
Ik leef en sal lewe : *mij doodkrij is min.*

